# Resensies/Reviews

Noll, Mark A. 1996. **Adding cross to crown. The political significance of Christ's passion.** Washington, DC : Center for Public Justice.
(*Bruce Wearne*) ........ 99

Nyirongo, Lenard. 1997. **The gods of Africa or the God of the Bible? The snares of African traditional religion in Biblical perspective.** Potchefstroom : IRS.
(*J.A. van Rooy*) ........ 101

Schuringa, H. David. 1995. **Hearing the Word in a visual age. A practical theological consideration of preaching within the contemporary urge to visualization.** Kampen : Teologiese Universiteit.
(*C.J.H. Venter*) ........ 102

Du Preez, Jannie. 1997. **Die wierook van ons gebede. Oor die wonder en krag van gebed.** Kaapstad : Lux Verbi.
(*C.J.H. Venter*) ........ 103

# Boekaankondigings

Malina, Bruce, Joubert Stephan, Van der Watt, Jan. 1995. **Vensters wat die woord laat oopgaan.** Halfway House : Orion.
(*C.J.H. Venter*) ........ 104

Van Rensburg, F.J. *red.* 1995. **Jubilate! Loofgedigte in Afrikaans.** Kaapstad : Tafelberg.
(*J.H. van Wyk*) ........ 104

# Resensies / Reviews

**NOLL, Mark A. 1996. Adding cross to crown. The political significance of Christ's passion** with responses from James D. Bratt, Max L. Stackhouse, James W. Skillen. Edited by Luis Lugo.
Washington, DC : Center for Public Justice; Grand Rapids : Baker Books. 96 p.
Price: $9.95US. ISBN 0-8010-5731-0 (pbk).

**Reviewer:** *Bruce Wearne*
(Dept. of Anthropology & Sociology, Monash University Australia)
E mail: bruce.wearne@arts.monash.edu.au

"I want to explore the difference it could make for Christians to concentrate on the person and work of Christ when they think about the nature of politics or when they engage in political activity". So saying, Mark Noll introduces his thought-provoking lectures "Adding Cross to Crown". Once more Noll is in the thick of a debate among reformed and evangelical Christians in North America, just as he was in *The Scandal of the Evangelical Mind* (1994).

Noll's lectures, and the responses, make for fascinating reading. But as we read and benefit from this booklet let us remind ourselves that it comes from within a national and cultural milieu where Christians regularly lament fundamental flaws in their corporate piety; where the search to identify the reasons for the lack of a Christian political mind is indeed an industry that continues in colleges, publishing houses, churches, books and journals. Such spiritual self-examination is part of the American cultural psyche. It is something that we, who are outside North America, should ponder very carefully.

So what is Noll's point? What does it mean to *add* cross to crown? In the first instance Noll wants to affirm that Christianity is not first and foremost a system of politically correct action, or a jot-and-tiddled system of doctrine; Christianity is about a *person*. The person is none other than Jesus of Nazareth, the son of Mary, who was and is the second person of the Trinity. This person not only rules, but the primary moment of His rule was his suffering. The confession "Jesus is Lord" is not some kind of mantra or battle-cry; it is a recognition that He indeed is saviour, *my* saviour. This kind of personal confrontation with Christ, says Noll, will take any hubridic sting out of our confession of His universal Kingship. If we want Christian politics to be truly Christian it needs to follow Christ in His humility.

Further, it is "at the cross" that sinners find their Saviour and thus also find themselves. Hence it is also at the cross, in the recognition of our human

sinfulness that Christians must begin their political discipleship. This is where we have to be *personally* confronted by Jesus Christ. Christian politics is only human and should not replace its moderate idealism with dogmatic ideology.

The *person* of Christ, and the *cross* on which Jesus was crucified, should remain central elements of the Christian political perspective. If not, warns Noll, we are liable to cloak our frailty with pretentious authoritarianism. Noll advocates adding a dose of Lutheran pietism to the Calvinist "kingdom perspective". At this point Bratt critically observes that Noll understates the degree to which Lutheran pietism has directly and indirectly capitulated to authoritarianism. Moreover, the cross itself has often become a crusading symbol.

Stackhouse reminds Noll that a Christian acknowledgment of the Holy Trinity will not just focus upon the person and work of Jesus Christ, as if keeping cross and crown in balance will cover to our understanding of how the Father and Spirit relate to Christian political action. This part of the exchange holds deep interest for this writer because it is reminiscent of debates that have transpired about the place of the person in society. This part of the exchange has a distinctive American social-science ring to it. It would take us too far afield except to say that in the Stackhouse-Noll difference we hear echoes of an American political debate about the true meaning of *e pluribus unum* (out of many, one).

Skillen's critical point is that Noll's view of the indirect impact of the gospel upon political life understates the biblical confession that Jesus Christ is indeed lord of our sinful human life in its entirety. A Christian political perspective must develop theoretical insight about the political dimensions of all social structures, and forge a better understanding of the State as God's servant, and of all the structures of our humble servanthood, to help ensure public justice.

This writer's criticism would focus upon Noll's Platonic idealism. Noll argues that "cross" can and must be brought together with "crown" because God is integral and therefore our thinking about all things must be integral too. This view points to the question: how can you bring "cross" and "crown" together without disintegrating them in the first place? How can the person of Christ be integrated with the cross except in some narrative, or in some doctrinal schema? We assume that all things are held in the hand of the creator-redeemer God, but this is no ground for making integrality into some kind of timeless principle.

American reformed and evangelical thinkers in their debates about political life continue to wrestle with their First Amendment – we who are outside North America can learn from this debate, as we in our own national contexts seek to

uphold in a Christian way the non-establishment of religion and as citizens help to build a polity which encourages the free exercise of faith.

As we turn from the remnants of Platonism in Christian political reflection, to critically reform our political science by the standard of God's Word, let us yet be challenged by Noll's call to engage in Christian political action and wholeheartedly follow Jesus Christ in His humility.

**NYIRONGO, Lenard. 1997. The gods of Africa or the God of the Bible? The snares of African traditional religion in Biblical perspective.**

Potchefstroom : IRS. 212 p. Prys: R40,00 (US$30).
ISBN: 1 86822 293 4.

**Resensent:** *J.A. van Rooy*
(Dept. Diakoniologie & Missiologie PU vir CHO)

Dit het in die afgelope paar jare onder "Christelike" teoloë in Suid-Afrika 'n ontstellend algemene mode geword om die verskil tussen die Christelike geloof en die tradisionele godsdienste van Afrika (ATR) te relativeer. Die meerderheid swart teoloë in die tradisionele groot denominasies verwerp openlik en fel die gedagte dat die ATR valse godsdienste sou wees en dat die Christelike geloof die enigste geldige openbaring van God sou wees. Die gevolge hiervan vir die geestelike lewe van kerke in Afrika is voorspelbaar: geestelike dood. 'n Mengsel van die Christelike geloof en heidendom is nie 'n vorm van Christendom nie, dis eenvoudig 'n nuwe heidendom. Wanneer 'n blanke teoloog teen hierdie ideë getuig, word hy afgelag as 'n wit chauvinis wat "swart" godsdiens afkraak en sy "wit" godsdiens op Afrikane wil afdwing. Daarom is dit so verblydend dat Nyirongo, 'n Afrikaan uit Zambië, die uitdaging aanvaar het en hierdie boek geskryf het. Hier is 'n Afrikaan wat sonder huiwering die standpunt van die Heilige Skrif as die Woord van God erken en verdedig, en sy standpunt oor die godsdienste van Afrika daarop bou. Bowendien word dit op 'n kundige en indringende wyse gedoen.

Die boek bespreek die onderwerp vanuit die afdelings:

1. "Knowing God and worshipping him aright"
2. "Man's state and destiny"
3. "Man's identity in the community"
4. "Suffering, health and prosperity"

Hierdie is 'n baie waardevolle boek vir almal wat in die uitdra van die evangelie in die konteks van Afrika belangstel, of wat materiaal nodig het om die standpunt van die Skrif teenoor vrysinnige teoloë en aanhangers van Afrikagodsdienste te verdedig. Dit is bemoedigend om hierdie helder geluid uit die mond van 'n Afrikaan, wat nie eers 'n opgeleide teoloog is nie, te hoor. Die mees verblydende van alles is om te merk hoedat ook uit hierdie boek die voortgang van die leerstellings van God se soewereine genade in Afrika blyk.

Die skrywer het 'n redelik goeie beheer oor die Engelse taal, maar dit kon taalkundig 'n bietjie meer noukeurig nagesien gewees het. 'n Mens kan verwys na uitdrukkings soos "conquest of wars" (p. 53 – bedoelende "victory in war"), "the offer of Isaac by Abraham" (p. 56), of waar op p. 76 van Christus gesê word: "He was not the kind of Messiah they had been looking for, but an earthly ruler ...". As 'n mens egter weer 'n keer kyk, word dit wel duidelik wat die skrywer bedoel het om te sê.

Van harte aanbeveel! Ek is van mening dat dit vir alle teologiese studente in die vak Apologetiek voorgeskryf behoort te word.

**SCHURINGA, H. David. 1995. Hearing the Word in a visual age. A practical theological consideration of preaching within the contemporary urge to visualization.**
Kampen : Teologiese Universiteit. Ph.D-proefskrif. 275 p.

**Resensent:** *C.J.H. Venter*
(Departement Diakoniologie, PU vir CHO)

Die outeur pak met hierdie proefskrif 'n omvattende en dikwels omstrede saak in die Homiletiek aan. In sy behandeling van die probleem wy die outeur agtereenvolgens aandag aan die aspekte van hoor en sien in die Skrif en in die reformatoriese tradisie. Hy bied ook 'n indringende analise van die huidige situasie. Hierin behandel hy onder andere Homiletiek en die Kommunikasiewetenskap, semiotiek en die paradigmaverskuiwing dat hoorders vroeër geleer het langs die weg van woorde maar nou ingelig wil word langs die weg van beelde, dit wil sê die klem verskuif van hoor na sien. Die volgende aspek wat behandel word, is hoor en sien in hedendaagse perspektief. 'n Voorlaaste hoofstuk word gewy aan visuele perspektiewe op en oorwegings vir die prediking, gevolg deur 'n gevallestudie van visuele prediking in Willow Creek. Die outeur bied konkrete riglyne vir visuele prediking. Hy gaan versigtig met sy stof om en propageer nie sonder meer 'n onverantwoorde gebruikmaking van visuele hulpmiddels in die prediking nie. Interessant is sy standpunt dat iets soos af-

sonderlike kinderdienste nie nodig is as 'n prediker vandag se kommunikasie-strukture (klem op die konkrete) in gedagte hou en toepas nie.

Krities sou gevra kon word of die behandeling van toepaslike stof uit die Ou en Nuwe Testament nie meer eksegetiese diepgang kan vertoon nie.

Die outeur verdien dank vir die omvattende wyse waarop hy 'n omstrede saak wetenskaplik verantwoord gehanteer het.

**DU PREEZ, Jannie. 1997. Die wierook van ons gebede. Oor die wonder en krag van gebed.**
Kaapstad : Lux Verbi. 84 p. Prys: R32.50.
ISBN 0869976060.

**Resensent:** *C.J.H. Venter*
(Departement Diakoniologie, PU vir CHO)

Die outeur van bogenoemde publikasie was verbonde aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy was dosent in Missiologie en het gepromoveer in die Nuwe Testament met 'n proefskrif oor die sendinggedagte in die boek Openbaring. Juis die outeur se liefde vir die Skrif en in besonder vir die Nuwe Testament kom na vore in hierdie boek. So baie boeke wat deesdae oor gebede verskyn, vertoon 'n bepaalde oppervlakkigheid vol mooiklinkende woorde maar met die Skriffundering wat ontbreek. Juis teen hierdie agtergrond munt Du Preez se werk oor die gebed uit in die wyse waarop hy die Skrif hanteer. Hy het die gawe om eers diep te luister na die Woord en dan eenvoudig te skryf sodat 'n gelowige dit kan verstaan. In hierdie verband staan hoofstuk 11 vir my uit. Die boek van Du Preez, hoewel kleiner in omvang, kan vergelyk word met P. Versteeg se uitstekende werk: *Het gebed volgens het Nieuwe Testament.*

Vir 'n spiritualiteitsbyeenkoms – waarin gebed so 'n belangrike plek inneem – beskou ek hierdie boek as onontbeerlik. Die skrywer verdien dank vir 'n gedeë en deurleefde werk oor 'n saak wat dikwels meer deurleef as onder woorde gebring kan word.

# Boekaankondigings

**MALINA, Bruce, JOUBERT, Stephan, VAN DER WATT, Jan. 1995.**
**Vensters wat die Woord laat oopgaan.**
Halfway House : Orion. 119 p. Prys: R34.95.
ISBN 0798706635.

*C.J.H. Venter*
(Departement Diakoniologie, PU vir CHO)

Die skrywers bewys met hierdie boek nie alleen aan teologiese studente 'n diens nie, maar aan elkeen wat ernstig is met Bybelstudie. Belangrik vir enige Bybelondersoek is kennis van die agtergrond, tradisies, waardes en gebruike waarteen sekere gebeure afspeel. Agtereenvolgens wy die skrywers aandag aan 'n profiel van die eerste wêreld. Daarna maak die skrywers makrovensters oop op sake soos die gesin, waardes en tyd en tydsindeling in die Bybel.

Die groot waarde van hierdie werk is dat die gegewens wetenskaplik verantwoord is, maar eenvoudig as't ware in gesprekstrant vir die leser aangebied word. Inderdaad kyk ons deur verrassende vensters na die Skrif.

**VAN RENSBURG, F.J. *red.* 1995. Jubilate! Loofgedigte in Afrikaans.**
Kaapstad : Tafelberg. 96 p. Prys: R44,95.
ISBN: 0 624 034 27 5.

*J.H. van Wyk*
(Departement Dogmatologie & Ekklesiologie, TSP/PU vir CHO)

Van Rensburg het ook aan predikante en teoloë 'n guns bewys om hierdie pragtige loofgedigte uit te soek en te laat publiseer. Hy het sinvol gebruik gemaak van gedigte van sowel ouer as jonger digters en sodoende 'n verteenwoordigende bundel saamgestel wat tot baie lesers sal spreek. D.J. Opperman en N.P. van Wyk Louw is daar, so ook Totius en T.T. Cloete, Sheila Cussons en Lina Spies. Die bundel open met 'n gedig van Fransiskus van Assisi en op die agterblad is 'n pragtige gedig van Ina Rousseau afgedruk (Gesang 15).